

## Gereformeerde Kerk Bellville – 27 September 2015 – aand

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 16-1:1, 2 (15:1, 2)

- 1 Laat jul kinders tot My nader / en geen hindernis hul weer,  
want die koninkryk der heemle / is hul erfdeel," sê die HEER.
- 2 Wie nie needrig soos die kindjie / wat hier tussen julle staan,  
so die Godsryk wil ontvang nie, / sal daar geensins binnegaan."

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewige guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

Gebed

Psalm 87:2, 4, 5 (p. 438)

- 2 O koninklike stad, maak wyd jou woning: / God self wil jou laat groei op grootser wys,  
en wat ek hoor, is lof, jou naam tot prys; / die vyand selfs kom nou met eerbetoning.
- 4 Hul almal, nou tot nuwe heil verkore, / sal kom, selfs uit die allerverste land.  
Hul sien God hou die moederstad in stand / en jubel: Dié en dié is daar gebore!
- 5 Die HEER self skryf hul op, die duisendtalle, / een-een, gebore uit die volkeskaar;  
en singend, juigend klink die lofstem daar: / Ons heilsfontein stroom neer uit Sions walle!

**Skriflesing:** Genesis 17:1-14; 2 Samuel 12:1-25;  
Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, Artikel 17

**Kernvers:** Genesis 17:7

**En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in  
hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou  
nageslag ná jou. (Genesis 17:7 AFR53)**

**Maar nou is hy dood – waarom sou ek dan vas? Sal ek hom nog kan  
terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.  
(2 Samuel 2:23 AFR53)**

**Dordtse Leerreëls**

**Hoofstuk 1, Artikel 17**

*Die Woord van God, waaruit ons die wil van God leer ken, getuig daarvan dat die kinders van die gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hulle ouers opgeneem is. Godvrugtige ouers moet daarom nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hulle kinders wat God in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Gen 17:7; Hand 2:39; 1 Kor 7:14).*

## **Tema:** Die Here se troos aan ouers aangaande die dood van 'n kindjie

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, aan die hand van artikel 16 bely ons die troos wat die Here in sy Woord aan gelowiges gee wanneer daar by hulle twyfel kom oor hulle eie uitverkiesing. 'n Mens kan agterkom dat alhoewel jy al vir so baie jare getrou die Here dien en in Christus glo, ervaar jy nie jou geloof in Christus en jou vertrouwe in die Here so kragtig soos ander gelowiges dit ervaar nie. Of miskien gebeur dit dat jy vir die soveelste keer weer dieselfde sonde begaan het. Jy is regtig ernstig oor jou verhouding met die Here, maar net toe jy dink dat jy nou regtig groei in jou verhouding met die Here struikel en val jy weer 'n keer. Dit is deel van ons menswees dat gelowiges dan kan begin dink dat hulle miskien nie uitverkies is nie maar eerder in die uitverkiesing verbygegaan is.

Die troos wat die Here aan sulke gelowiges gee, is om nie moedeloos te word en op te hou om die Here te dien nie. Hulle moet eerder volhard in hulle geloof deur die Woord aanhoudend te lees en te bestudeer, want daardeur sal die Here self aan hulle sekerheid gee oor hulle uitverkiesing. En daaby gee die Here self die belofte dat Hy die dowwe, rokende lamppit nie sal blus en die geknakte riet nie sal afbreek nie (Jes 42:3).

Dit is egter nie net volwasse gelowiges wat soms nie sekerheid oor hulle eie uitverkiesing het nie. Gelowige ouers kan ook deur twyfel geteister word wanneer dit kom by die sekerheid oor hulle eie kindjie se saligheid. In artikel 17 bely ons watter troos die Here aan gelowige ouers skenk oor hulle kindjie. In hierdie artikel gaan dit in besonder oor die dood van gelowiges se kindertjies. Hoe moet gelowige ouers oor die ewige bestemming van hulle kindertjies dink wanneer die Here hulle in hulle kinderjare uit hierdie lewe wegneem?

So relevant as wat hierdie belydenis destyds met die hoë kindersterftesyfers was, so relevant is hierdie belydenis vandag nog steeds. Die getal kindersterftes het met die vordering in die mediese wetenskap aansienlik afgeneem teenoor wat dit twee en vier honderd jaar gelede was. Ons dank die Here vir die wysheid wat Hy in genade aan die mensdom hierin gegee het. Maar dit gebeur nog steeds dat kinders – ook gelowige ouers se kinders – om redes wat ons nie altyd begryp nie ernstig siek word en te midde van al die mediese sorg tog sterf.

Wat die twyfel oor die dood van gelowiges se kindertjies so erg maak, is omdat die ouers nie kon hoor dat hulle kindjie sê dat hy in Jesus Christus glo nie. Ons glo en bely immers dat die Heilige Gees deur die Woord van die Here die wedergeboorte in 'n mens se hart tot stand bring omdat God daardie mens uitverkies het. Die Heilige Gees bewerk die wedergeboorte in 'n mens deurdat Hy die mens se ore en hart oop en ontvanklik maak vir die evangelie van Jesus Christus. Sodoende skenk die Heilige Gees tydens die wedergeboorte die geloof en bekering sodat die mens self kan bely dat hy in Jesus Christus as sy Verlosser en Saligmaker glo.

Maar wat nou van die gelowige se kindjie wat nog nie kon sê dat hy in Jesus Christus glo nie? Die kindjie het dan gesterf nog voordat hy kon praat. Is so 'n kindjie gered of nie? Of moet iemand eers self kan sê dat hy in Jesus Christus glo voordat hy gered is? Hang 'n mens se verlossing en saligheid regtig af van 'n mens se vermoë om te bely en te glo?

Wanneer die vraag so gevra word, hoor ons dat hier 'n verskuiwing gekom het. Die skuif is so klein dat ons dit amper nie eers agterkom nie, want die vrae klink vir ons tog logies en ons mense wil alles altyd logies verstaan. Omdat glo en bely mos logies die gevolg is van die uitverkiesing, lyk dit asof ons met ons logiese vrae oor die leer van die uitverkiesing

nou in 'n doodloopstraat beland wanneer ons gekonfronteer word met die dood van gelowiges se kindertjies.

Die skuif waarvan hier gepraat word is om te sê dat glo en bely belangrik is om verlos te wees. Om te glo en te bely is belangrik, ja, maar dit is die vrugte of die gevolg van die uitverkiesing en nie die oorsaak van die uitverkiesing nie. Enige mens se verlossing en saligheid is afhanklik van die uitverkiesing deur God alleen en nie van 'n mens se geloof en belydenis nie. God se begeerte om Homself te verheerlik en sy liefde is die oorsaak van die uitverkiesing. Geloof en belydenis is die vrugte wat die uitverkiesing en verlossing bevestig.

Goed, as 'n mens se verlossing en saligheid nie afhanklik is van 'n mens se vermoë om te bely en te glo nie, hoe sal gelowige ouers dan sekerheid en troos kan hê dat hulle baba wat gesterf het by die Here is? Geliefdes, u sal opmerk dat ons in artikel 17 nie allerlei redenasies en spekulasies aanvoer om sekerheid en troos in hierdie saak te kry nie. Ons gaan reguit na die Woord van die Here toe, want dit is in sy Woord waar die Here ons troos.

En as ons na die Woord van die Here gaan dan gaan kyk ons wat Hy oor die kinders van gelowiges sê en nie wat Hy oor die uitverkiesing sê nie. Die eerste Skrifgedeelte wat ons in hierdie artikel noem, is Genesis 17. In Genesis 17 lees ons dat die Here sy verbond met Abraham oprig. Ja, Genesis 17 is nie die eerste plek waar God se verbond met Abraham genoem word nie. In Genesis 15 lees ons dat God sy verbond met Abraham gesluit het. In Genesis 17 bevestig die Here sy verbond met Abraham en maak dit duidelik dat Hy nie net in 'n verhouding met Abraham alleen getree het nie, maar ook in 'n verhouding met Abraham se nageslag.

Die Here belowe in Genesis 17 om Abraham se God te wees en om Abraham se nageslag se God te wees. Die belofte wat die Here aan Abraham maak is net so van toepassing op Abraham se kinders. Dit is presies dieselfde belofte. Abraham kry nie 'n beter belofte as sy kinders omdat hy 'n volwasse mens is nie. Die Here belowe om Abraham te versorg, te beskerm, te lei en te verlos. En dieselfde belofte geld ook vir die kinders van Abraham.

Dit is merkwaardig dat ons hier teruggaan na die leer van die genadeverbond terwyl ons besig is met die leer van die uitverkiesing. Dit is merkwaardig, maar dit is nie vreemd nie, want die verbond en die uitverkiesing staan nie teenoor mekaar nie maar staan in verband met mekaar. God doen albei – Hy kies mense uit en Hy sluit sy verbond met mense. Die uitverkiesing het God gedoen voor die skepping van die wêreld en die verbond sluit Hy met mense in die tyd. Wanneer God dan die verbond met Abraham sluit, voer Hy sy besluit van die uitverkiesing uit. Die genadeverbond word nie met alle mense op aarde gesluit nie, maar met Abraham wat deur die Here 'n gelowige gemaak is en Abraham se nageslag.

Die genadeverbond is dus die verhouding wat die Here alleen met die mens begin en voortsit. Maar verhoudings het twee kante. En die mens se kant in hierdie verhouding is om die Here te glo en te gehoorsaam. As volwassene moet Abraham die Here glo en gehoorsaam. Deur sy gehoorsaamheid aan die Here maak Abraham dan sy geloof in die Here openlik sigbaar. En die beloftes van die Here se trou en liefde en sorg word mettertyd dan ook konkreet in Abraham se lewe. En aan Abraham se nageslag bewys God hierdie beloftes net soos wat Hy dit aan Abraham doen alhoewel die kindertjies nog nie soos Abraham kan glo en gehoorsaam wees nie.

Abraham se geloof en gehoorsaamheid beteken ook dat hy die verbond moet onderhou deur sy kinders te besny. Maar ons moet onthou dat die besnydenis nie die verbond is nie. Die besnydenis is die teken van die verbond. Abraham se seuns is besny omdat hulle saam met hulle pa in die verbond opgeneem is. Die Here het immers belowe om Abraham se God te wees en die God van sy nageslag. Omdat die belofte van die verbond presies net so vir die nageslag geld as vir Abraham moet hulle die teken ontvang wat wys dat God die nageslag in 'n verhouding met Hom betrek.

Sedert God sy verbond met Abraham en sy nageslag gesluit en bevestig het, het Jesus Christus gekom. Jesus Christus is dié nakomeling van Abraham (Gal 3:16-18) op wie die beloftes van die verbond in besonder betrekking het. Want deur en in Jesus Christus het die Here sy genadeverbond van die Jode af uitgebrei na al die volke van die aarde. Aangesien ons nie Jode is nie en nie liggaamlik van Abraham afstam nie, moet ons weet hoe God ook vir ons in sy verbond betrek.

Ons eie voorouers wat deur die genade van God die evangelie van Christus kon hoor en aan wie die Heilige Gees die geloof in Christus gegee het, het deur hulle geloof in Christus deel gekry aan die genadeverbond (Efes 2:11-13). Jesus Christus se offer aan die kruis het die verbondsverhouding ook vir mense wat eers heidene was moontlik gemaak. En die beloftes van die genadeverbond bly steeds dieselfde. Toe daardie voorouers van ons tot geloof gekom het en gedoop is, het hulle gehoor dat God belowe om hulle God te wees en die God van hulle kinders. Daarom is die kinders van hierdie gelowige ouers ook gedoop en aan hulle is dieselfde belofte gegee.

Aangesien die heilige doop in die plek van die besnydenis gekom het, beteken dit dat die doop ook nie die verbond is nie maar wel die teken van die verbond. 'n Mens kom nie in die verbond in omdat hy gedoop is nie. 'n Mens word gedoop omdat hy reeds in die verbond is. Die kinders van gelowige ouers word nie net in sonde ontvang en gebore nie, maar word ook in die verbond gebore. God se verhouding is met die ouers en hulle kinders. Daarom moet gelowige ouers se kinders gedoop word.

Dit is op grond van hierdie verhouding wat God met die gelowige ouers en kinders het, dat ons kan bely **dat die kinders van gelowiges heilig is. Hulle is nie van nature heilig nie, maar kragtens die genadeverbond** waarin Jesus Christus hulle met sy offer betrek het. Ons hoor dit immers in die eerste vraag van die doopsformulier.

Die eerste vraag lui: ... **in Christus geheilig is** ... – **nie** in Christus **geheilig word** ... **nie**... Die heilige doop is die teken en die seël van iets wat reeds so is. Met die doop bevestig en onderstreep die Here dat die kind van die gelowige ook in die genadeverbond ingesluit is. Die doop is God se handtekening daaronder. Sou dit gebeur dat 'n gelowige vol twyfel vra: Behoort my kind nou werklik tot die verbond van God se genade, dan is die doop die sigbare teken en seël daarvan. So is die doop 'n versterking van ons swak geloof.

Kinders van gelowiges behoort tot die genadeverbond. Daarom is hulle heilig. Die woord *heilig* het in ons ore 'n swaar belaaide klank. Onder *heilig* verstaan ons gewoonlik: smetloos, rein en sonder sonde. *Heilig* in hierdie sin beteken *afsonder*. Die kinders van gelowiges is in Christus geheilig – afgesonder vir die Here. Die Here het reg om beslag te lê op gelowiges se kinders, want die gelowige ouers behoort reeds deur Christus aan God.

Gelowige ouers word bemoedig en vertroos deur hierdie ryke beloftes van God wat Hy aan hulle kinders toesê en dit ook in die doop van die kind teken en verseël. God openbaar Homself in sy Woord as die betroubare God. Daarom sal en wil Hy nie gelowige

ouers in 'n troostelose twyfel laat verval as dit gebeur dat Hy daardie kindjie op 'n baie jong ouderdom uit hierdie lewe wegneem nie.

Met die doop betuig en verseël God dat Hy Vader vir hierdie kind is en belowe Hy dat Hy die kind **met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van hom wil afweer of tot sy beswil beskik**. Die kind ontvang ook die belofte van vergifnis van sonde op grond van die bloed van Christus en die vernuwing deur die Heilige Gees. As God sulke groot beloftes aan die kind van 'n gelowige ouer maak, sal Hy dan 'n siekte oor die kind beskik sodat hy vir ewig verlore moet gaan? Nee, beslis nie. God se beloftes aan 'n kind van gelowige ouers is nie leë beloftes nie. God bly altyd getrou aan sy Woord.

Dit is oor sy geloof in die God wat sulke beloftes maak dat Dawid vertroos kon wees toe die kind wat hy by Batseba gehad het gesterf het. Toe Dawid gehoor het dat die kind gesterf het, het hy opgestaan, homself gewas en na die heiligdom gegaan om God te aanbid. Toe hy terugkom, het hy kos gevra en geëet. Hierdie optrede van Dawid was vir die amptenare van Dawid 'n raaisel. Hoe kon hy nou nie huil nie, maar toe die kind nog gelewe het, het hy gehuil en gevas.

Dawid se ernstige en berouvolle gebed tot die Here toe die kind nog gelewe het, is nie bedoel om die Here van besluit te laat verander nie. Die mens ken nie altyd die finale besluit van die Here nie totdat Hy dit uitgevoer het. Die Here het wel gesê dat die kind sou sterf, maar miskien sou die Here tog genadig wees en Dawid hierdie hartseer spaar en die kind laat bly lewe. Toe die kind sterf, het Dawid geweet dat die Here hom nie op 'n ander manier wou tug as so nie. Dawid het dit gelowig aanvaar. Daarom het hy gesê:

**Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.** (2 Samuel 2:23b AFR53)

Daarmee het Dawid natuurlik bedoel dat hy ook eendag soos die kind sal sterf en na hom toe in die dood gaan. Maar dit is nie al wat Dawid sê nie. Dawid was oortuig dat die Here die kind na Hom toe geneem het. As gelowige was Dawid deur die Heilige Gees verseker dat hy na sy dood by die Here sal wees waarheen die kind hom vooruitgegaan het.

Die kindertjies van gelowige ouers behoort aan die Here. Dit is net so waar van hulle voor hulle geboorte as wat dit waar is van hulle na hulle geboorte. Deur die moederskoot maak die Here sy koninkryk vol met sy uitverkorenes. Die gelowige ouers wie se kindjie dan op die ouderdom van een jaar sterf, is die Here se kind. Net so is daardie babatjie van gelowige ouers wat dood gebore word die Here s'n en selfs daardie babatjie wat die Here deur 'n miskraam uit hierdie lewe weggeneem het.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 16:4, 5 (p. 62)

- 4 'n Yd'le vrees beklem my nou nie meer: / ek stel die HEER gedurig my voor oë.  
My hart is bly, en juigend meld my eer: / "Sy regterhand sal nooit my val gedoë."  
Ook sal my vlees, as hier my stryd gestry is, / nog veilig woon, omdat die HEER naby is.
- 5 U sal my siel nie oorgee in die dood, / my pad buig op langs skone heuwelrye.  
U sal nie toelaat dat u gunsgenoot / verderwing sien in donker doodsvalleie.  
By U is ewig vreugde en volle vrede, / en in u hand 'n snoer van lieflikhede.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

**Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
27 September 2015**